

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog [Anglo-Boere-oorlog] kon die koerante weer vrylik oor die oorlog skryf. Onder die opskrif – Slegte gedrag van die Engelse – het die volgende twee berigte in die koerante verskyn.

De Volksstem van 25 Mei 1881

* C. Becker, W.W. Maré en S. Schoeman (jnr.) word voordat die krygswet afgekonding is gearresteer en gedwing om by die reserwekorps aan te sluit.

* Hermanus Potgieter is reeds ouer as 60 jaar. Hy weier om die eed af te lê en moet toe vuil werk by die kampe gaan doen.

* Johan van Rijn word siek in die kamp. Hulle weier om hom in die Militêre Hospitaal op te neem. Hy sterf later in die kamp.

* Ezerman, M. Franken en T.N. de Villiers kry verlof om huistoe te gaan, maar word toe daar gearresteer. Ezerman is siek in die bed toe hy gearresteer word. Hy word toe met bed en al na die tronk gebring.

* M. Franken word in teenwoodigheid van sy eggenote (sonder klere in die bed) gearresteer. Hy word aangerand en sy breukband gebreek. Uitpeuling van sy dubbele breuk was die gevolg.

* De Villiers moet gaan wagstaan. Hy weier. Sy woonhuis is buite die stad en hy kan nie sy gesin alleen agterlaat nie. Hy huur toe vir hom 'n plaasvervanger teen £15 per maand maar word tog gearresteer. Plaasvervangers word nou verbied. [Die plaas van T.N. de Villiers was in Boomstraat waar die busloods en Sans Souci-stasie vandag is. Dit wil sê wes van die Dieretuin]

De Volksstem 4 Junie 1881

* Carel Preller word in hegtenis geneem. Na 8 dae in die tronk word hy weer vrygelaat sonder enige verduideliking.

* Harssant van die Cape Commercial Bank word een aand by sy huis in hegtenis geneem. Hy het 'n kers gebrand om te lees maar hulle beweer hy het dit gebuik om seine te stuur.

Britse Koningin se verjaarsdag

Die Koningin se verjaarsdag was in die verlede luisterryk gevier. Oral in Pretoria is Engelse vlae gehys en baie winkels was ook met die vlae versier. John Robert Lys wat op die suid-oostelike hoek van Kerkplein en Markstraat gewoon het, het 'n skoot met sy kanon afgevuur. Die aand was daar gewoonlik een of ander sosiale byeenkoms.

Na die oorlog het dinge anders gelyk op die dag. De Volksstem berig op 28 Mei 1881 dat die verjaarsdag baie stil was; daar was slegs drie Engelse vlae in Pretoria te sien. Geen winkels was die dag gesluit nie en daar was die aand geen onthaal om die verjaarsdag te vier nie. John Robert Lys is die vorige jaar oorlede en sy kanon is ook nie gevuur nie.

Engelse vlag word begrawe

In verskeie boeke het ek die onderstaande foto gesien van die Engelse vlag wat in Pretoria begrawe word. Verdere inligting oor die gebeure was egter tot onlangs

maar skraal, tot ek begin het om die ou koerante van 1881 te lees. Daar het ek meer inligting oor die dag gekry.



Byskrif by foto: Na die teruggawe van Transvaal aan die Boere het 'n groepie ingesetenes van Pretoria die Britse vlag plegtig op 'n oop perseel op die hoek van Andries- en Schoemanstraat begrawe. Die opskrif van die "grafsteen" het as volg gelui: "In memory of the British Flag in the Transvaal, which departed this life August 3rd, 1881, aged 4 years. In other Climes none knew thee but to love thee. Resurgam." Die vlag is daardie nag weer uitgegrawe en in 1900 in Potchefstroom gehys. [Eng-01 p36] [Die datums rym nie mooi nie – in 1881 begrawe, opgegrawe en in 1900 in Potchefstroom gehys?]



Hierdie is 'n skets van die eerste foto. Die byskrif lui: "A flashback to the past. British subjects in the Transvaal had been assured that in no circumstances would the Transvaal ever be handed back to the South African Republic. However, after the Battle of Majuba the British Government changed its mind and decided that the annexation of the Transvaal should be rescinded. The Britons in Pretoria felt that

they had been betrayed and expressed their indignation and dismay by holding a mock funeral in which a Union Jack was buried and a tombstone placed on the grave. [Car-01 p104]



Hier is 'n foto van die grafsteen. Ek het dit 'n paar jaar gelede by 'n pantjieswinkel raakgeloop. Die fotograaf was Robertson. Hy het in Pretoria begin werk as assistent vir Gros en het later [1890] Gros se ateljee oorgeneem [Afr-22 p8].

Wat het werklik daardie dag gebeur?

De Volksstem van 6 Augustus 1881 het 'n berig daarvoor geplaas: "Last Wednesday one of those senseless and stupid ceremonies was performed in Pretoria which has lately come in vogue in other towns of South Africa in dishonour of the British Flag."

Die vorige aand [2 Augustus] was daar 'n skynhofspraak gehou in die European Hotel [ek is seker dit het in die kroeg begin]. Gladstone word ter dood veroordeel en daar word besluit om die Britse vlag te begrawe.

Drie uur die volgende middag [Woensdag 3 Augustus] vergader 'n aantal mense op Kerkplein. 'n Lykswa getrek deur twee perde wat met swart doeke bedek is vertrek na Kerkstraat. Binne-in die lykswa is die kis met die Britse vlag en bo-op die kis is 'n kransie van lemoenbloeisels. Voor die lykswa loop twee mense wat die grafsteen dra en 'n groot aantal toeskouers volg die stoet. Uit Kerkstraat draai die stoet op in Andriesstraat en beweeg na "Government House" waar 'n graf van 2 voet diep en 2½ voet lank gegrawe is. Die persoon wat die grafrede lewer sê slegs die Engelse vlag word begrawe en nie die eer van Engeland nie. Verder word die oortuiging uitgespreek dat dit nou voorspoedig sal gaan in Transvaal en dat alle tweespalt tussen die twee rasse nou saam met die vlag begrawe sal word.

Die volgende dag was die graf leeg en die kis het halfmas gehang aan die vlagpaal naby die Telegraafkantoor. "And all this was done by Englishmen who call themselves Loyalists par excellence and under the very eye of the British Authorities."

NS. Lees weer die brief van November 2006. Daarin word die gebeure voor die Engelse inname van Pretoria geskets. Dit is ook interessant om te sien hoe sommige van die inwoners van ou Pretoria saam met die wind waai. Eers was hulle pro Holland, maar met die koms van die Engelse verander hulle baie gou hul lojaliteit. Selfs die koerant word nou gedeeltelik in Engels uitgegee. Ek is nuuskierig om te sien of hulle nou in die nuwe Transvaalse regering hul poste gaan behou.

Bronne geraadpleeg

- AFR-22 Hardijzer, Carol. **Pretoria Based Photographers**. Jaarboek van die Pretoria Vereeniging. 2005
- CAR-01 Cartwright, A.P. & Cowan, N. **The old Transvaal 1834-1899**. Purnell & Sons (SA). 1978
- ENG-01 Engelbrecht, S.P. [Dr.] **Eeufees-Album**. Pretoria se eerste eeu in beeld. J.L. van Schaik Beperk., Pretoria. 1952

Die volgende terugvoering van Hennie Heymans uit verlede maand se brief:

Beckett's Trek kom van 'n TV-program waarin Dennis Beckett die gasheer was. Die program is na hom vernoem.

Die van julle wat belangstel in die Anglo-Boere-oorlog kan gerus die volgende boek probeer aanskaf. Die laaste deel handel oor die seëls wat uitgegee is tydens die beleg van Rustenburg maar die eerste deel is 'n dag-tot-dag beskrywing van wat tydens die beleg gebeur het. Die boek is *The Riddle of Rustenburg* deur Harry

Birkhead en Joh Groenewald en is te kry by: The Philatelic Federation, PO Box 131600, Benornyn 1504

Waardevolste uitstalling ooit op die kampus

Mnr Alec Wapnick, 'n oud-Tukkie en prominente sakeman van Pretoria, het oor dekades 'n uitsonderlike versameling van kunswerke oor die groei en ontwikkeling van Pretoria opgebou. Van die land se voorste kunstenaars, onder andere Pierneef, Erich Mayer, Pieter Wenning, Frans Oerder en Walter Battiss, word in die versameling verteenwoordig.

Teen die agtergrond van UP se eeufees, het mnr Wapnick ingewillig om hierdie kosbare versameling vir uitstalling op die kampus beskikbaar te stel. Die groothartige gebaar is 'n besondere eer vir UP, aangesien die versameling hiermee vir die eerste keer aan die algemene publiek bekendgestel word.

Die beplande uitstalling sal sonder twyfel die waardevolste uitstalling wees wat nog ooit op die kampus aangebied is.

Kommentaar en Navrae / Enquiries and Replies

Kontakpersone Gerard de Kamper / Marié Breedt
E-pos / gerard.dekamper@up.ac.za of marie.breedt@up.ac.za
Tel 012 420 4017 / 2968

[Hou die koerante dop. Ek dink die uitstalling begin middel Junie. Ek het die voorreg gehad om die versameling 'n paar weke gelede te sien en kan nie wag om weer te gaan kyk nie. Rosa]

Die wonderlike nuus kom van Denise le Roux

Dit is vir my aangenaam om te laat weet dat die webwerf www.emagameni.co.za vandag oopgestel is. Die doel van die webtuiste is om inligting en navorsing gedoen deur Tom Andrews vrylik beskikbaar te maak vir alle belangstellendes en navorsers.

Daar is nog heelwat van sy boeke wat nog gedoen moet word, en die webwerf sal opgedateer word met nuwe stukke sodra ek dit in 'n elektroniese formaat klaargemaak het.

Die Tom Andrews, Emagameni, Plekname en navorsing het 'n plek in ons geskiedenis, en ek vertrou dat die webwerf geniet sal word. Tom Andrews se navorsingsdokumente en boeke word gehuisves in die Voortrekker Monument se Argiewe.

Beste Groete
Denise le Roux
Dogter van Tom Andrews.
Emagameni

[Julle kan gerus gaan kyk. Dit is ongelooflik om te dink dat een persoon in sy leeftyd so baie kennis van Pretoria versamel het en dat dit nou bewaar gaan word. Leef ons nie in 'n wonderlike tyd met rekenaars en die internet nie. Om te dink dat ek nou by die huis kan sit en al die inligting tot my beskikking kan hê, danksy die harde werk van Denise. Rosa]

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel